Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

8 April 2022

OMSENDSKRYWE NO 7 VAN 2022

Geagte Ouers en voogde

Ons verwelkom al ons ouers, leerders en personeel na ’n welverdiende ruskansie.
Baie geluk aan mnr. en mev. Burger met die geboorte van hul seun. Mag hy vir jul ongekende vreugde besorg.

Die tweede kwartaal is voluit aan die gang, met baie aktiwiteite wat plaasvind by die skool. U weet dat die kwartaal ook onderbrekings het met lang naweke en skoolvakansiedae.

Ons versoek alle ouers om ons te help dat u kind/ers elke skooldag ten volle teenwoordig sal wees. Geen kind kan bekostig om enige addisionele dag, of selfs ’n gedeelte daarvan afwesig te wees nie. Daar is ongelukkig baie ouers wat hul kinders in skooltyd kom uitteken. Reël asseblief afsprake in die middae. Indien u kind wel in skooltyd afgehaal moet word, is dit belangrik dat een van die ouers self die kind kom haal en uitteken.

Indien u kind in skooltyd die terrein moet verlaat, stuur asseblief ’n brief saam met hom/haar na ontvangs, waarin die rede en tyd gemeld word.

LW dat GEEN KIND SY/HAAR OUERS MAG SKAKEL OM HOM/HAAR TE KOM AFHAAL NIE. Dit moet deur die graadhoof geskied. Geen leerder mag tydens ’n lesperiode uitgeroep word om afgehaal te word nie

JAARBLAD:

Ons is baie opgewonde om aan te dui dat die Skool se *Jaarblad 2021* beskikbaar is teen R200 per jaarblad. Die jaarblad kan aangekoop word by die finansiële kantoor.

AKADEMIE:

In die kort akademiese kwartaal wat voorlê moet die formele assessering plaasvind. Die formele assessering sluit mondelinge, toetse, opdragte, praktiese komponente en ’n Junie eksamen in.

OUERAAND:

Oueraand vind op **Woensdag, 13 April** plaas waartydens leerders se **rapporte** afgehaal kan word by die voogonderwyser. Ons doen ’n baie ernstige beroep op al ons ouers om die rapport te kom afhaal en dan ook die personeel te gaan sien waar daar moontlik reeds ’n probleem mag voorkom rakende akademiese prestasie.

WINTERSPORT:

Die wintersport het reeds ’n aanvang geneem die kwartaal en Saterdag speel al die spanne teen Vereeniging Gimnasium. Ouers moet kennis neem dat die busse reeds om **05:30** vertrek en dat al die seuns en dogters om **05:15** moet aanmeld.

Ons wil al die ouers aanmoedig om tydens wedstryde hul kinders se belange op die hart te dra en hul deelname te kom ondersteun. U sal dus 'n integrale deel vorm van u kind se skoolvreugde en genietings.

Ons herinner ouers dat daar 'n R50,00 fooi verbonde is aan die wintersport. Die fooi word gebruik vir die versorging en onderhoud van die klere. Die geld kan by die finansiële kantoor inbetaal word onder u kind se naam. Dui asb. net aan dat dit vir wintersportklere is.

Wintersport bepalings:

Hokkie:

Datum	***Span***	***Tuis/Weg***
8/4	H/s Tygervallei	Weg
26/4	Hatfield	Weg
6/5	H/s Sutherland	Weg
20/5	H/s Erasmus	Tuis
27/5	H/s Akasia	Tuis

Netbal:

Datum	***Span***	***Tuis/Weg***
8/4	Curro Roodeplaat	Weg
20/4	H/s Gerrit Maritz	Weg
22/4	H/s Dirk Postma	Tuis
6/5	H/s Erasmus	Tuis
11/5	H/s CR Swart	Weg
13/5	H/s Rietondale	Tuis

Rugby:

Datum	***Span***	***Tuis/Weg***
14/5	H/s Overkruin	Weg
21/5	HTS John Vorster	Weg
28/5	H/s Wagpos	Tuis
4/6	Midstream	Tuis
11/6	Hs/ Pretoria- Noord	Tuis

MNR EN MEJ TUINE:

Daar word met groot opgewondenheid uitgesien na die Gala aand wat op 26 April 2022 plaasvind. Kaartjies sal vanaf Maandag, 11 April beskikbaar wees teen R100 per persoon. Dit kan tydens voogperiode asook eerste pouse by B10 (Juf. Schreuder) gekoop word.

OPE-AAND – Gr. 7:

Ons ope-aand vir Gr. 7 leerders wat van voorneme is om volgende jaar by Hoërskool Tuine in te skryf vind op Woensdag, 20 April 2022 plaas. Leerders sal briewe in die verband by die laerskole ontvang. Die inskrywingsproses sal ook met die ope-aand aan ouers verduidelik word.

FINANSIES:

Ouers word weer daaraan herinner om hul verantwoordelikheid jeens skoolgelde na te kom. Ons bedank graag al die ouers wat so getrou hul skoolgelde betaal en hul skoolgeldverpligtinge nakom. Alle skoolgelde moet voor of op die 7de van elke maand betaal word. Ons herinner u daaraan dat

die skool ’n debiet – en krediet kaartmasjien tot u beskikking het en dat skoolgelde ook d.m.v. koevertstelsel, direkte inbetalings by die bank of elektronies gedoen kan word.
Maak asb. seker dat u die korrekte VERWYSINGSNOMMER aandui indien u betalings maak. Ons ontvang dikwels betalings daarsonder en dan weet ons nie teen watter leerder se rekening dit geplaas moet word nie.

FONDSINSAMELING:
Ons jaarliks fondsinsameling neem binnekort ’n aanvang. Leerders sal ’n boekie ontvang met 6 kaartjies wat verkoop moet word. Op die verkoopte kaartjie sal die leerder se naam ook verskyn. Indien die kaartjie getrek word tydens die prystrekking, sal die leerder ook ’n tablet wen.
Die pryse is as volg:
1ste Plek: Skaap
2de Plek: Gereedskapskas met gereedskap
3de Plek: Gereedskapskas

Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop ontvang ook ’n kontantprys.
Ons vra dat u ons help en die projek ondersteun.

WINTERSDRAG:
Leerders moet vanaf 1 Mei die korrekte winterdrag, soos uiteengesit in die dagboek, dra.
Baie dankie aan al die ouers wat wel toesien dat hul kind/ers se voorkoms reg is. Daar is wel hier en daar nog klein hakplekkies en ons doen ’n beroep op u samewerking.

VAKVERANDERING:
Leerders in Gr. 10 en 11 kan vanaf **Donderdag, 14 April** aansoek doen indien hy/sy ’n vak wil verander. ’n Ouerbrief moet die versoek vergesel asook geldige redes waarom die vakverandering toegestaan moet word. Hou asb. ingedagte dat daar sekere faktore is wat ’n vakverandering kan rem, naamlik beskikbaarheid in klasse, vak pakket (Gr. 10) ens. Alle relevante dokumente moet na mev. Dold geneem word. Vakverandering sluit op Donderdag, 21 April. Indien ’n leerder wel ’n vak verander, moet hy/sy alle assessering van Kwartaal 1 inhaal.

TIP TOP TIENER:
Die Tip Top Tiener uitstappie word wel beplan om later in die jaar plaas te vind. U sal al die nodige inligting ontvang.

PROGRAM VIR DIE KWARTAAL:
Die volgende datums word aan u deurgegee:

9 April	Superreeks teen Vereeniging Gimnasium
13 April	Oueraand
15 April	Goeie Vrydag
18 April	Gesinsdag
20 April	Ope-aand
26 April	Mnr & Mej. Tuine

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof